# Die oorsprong van ons Straatname

VI.

**VAN LENNEPSTRAAT** heet volgens mondelikse inligting wat ek ingewin het na jhr. van Lennep, die Nederlandse gesant in Pretoria tydens die Tweede Wêreldoorlog. Maar wat was die naam daarvan voor die tyd, of bestaan dit maar sedert dien?

**VISAGIESTRAAT** heet na J. H. Visage. Die ekstra **i** het in die naam van die straat gesluip waarskynlik as gevolg van die uitspraak. Visage was goewermentsekretaris tydens die stigting van die Pretoria-gemeente in 1854. 'n Brief, ged. 11 Augustus 1854, waarin ouderling N. J. Smit kennis gee van die stigting van die gemeente, is ook deur hom onderteken. 'n Foto van die brief, asook 'n portret van Visage met vrou en dogter, is te vind in die **Eeufees-Album** van Pretoria, p. 12. Hy was ook sekretaris aan die kant van die Boere tydens die sluiting van die Sandrivierkonvensie. 'n Ander bron meld dat hy van Potchefstroom af ingetrek het en veral bekend was vir sy boeremiddels. (J. J. Pieterse, **Die geskiedenis van Pretoria tot** 1877, M.A.-verhandeling, U.P. 1942, p. 82). Dit is duidelik dat hy 'n gesiene inwoner van ou Pretoria moes gewees het. Hy is in 1884 oorlede.

**DE WAALSTRAAT** heet volgens mnr. C. J. Beanes na E. H. de Waal, inspekteur-generaal van invoerregte gedurende die latere jare van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hy is ook een van die Boere wat na die Tweede Vryheidsoorlog na Oos-Afrika emigreer het.

**WESTSTRAAT.** Is dit 'n straat wat in die weste van Pretoria geleë is en het dit van daar die naam gekry, of heet dit na iemand met die naam van West?

**WILLOWSTRAAT.** Volgens ou gegewens het daar pragtige treurwilgers in die buurt gestaan waar die straat geleë is, o.a. ook op die aangrensende terrein van **Harmony.** Vgl. Johanna Brandt, **Die Kappie Kommando.**

**MARIA VAN RIEBEECKLAAN.** Op aanbeveling van die Genootskap Oud-Pretoria, het die stadsraad van Pretoria gedurende 1952 hierdie naam aan 'n gedeelte van die pad na Delmas gegee. Oor Maria van Riebeeck sien veral die redevoering van mev. M. v.d. Heever tydens die onthulling van die naamplaat in November 1952, **Pretoriana,** Deel 2. No. 3, p. 8.

Volgens mnr. J. C. Vlok is **TULLEKENSTRAAT** nie na Aling van Tulleken genoem nie maar wel na 'n broer van hom wat in die landmeterskantoor gewerk het.

Al die straatname van Pretoria-sentraal is hiermee afgehandel. Indien sommige die aandag ontsnap het sal ek graag daarvan kennis neem. Volgende keer hoop ek om 'n begin te maak met die straatname van Arcadia.

F. J. du T. Spies.